

Ontmoeting 23

Die weduwee se seun

Jesus se wonderwerke verander lewens!

Hierdie ontmoeting verduidelik meer oor Jesus se mag en hoe Hy deur wonderwerke mense se lewens verander.

Teks: Lukas 7:11-17

Hulpmiddels:

Afhangend van watter aktiwiteite julle kies, gaan jy party of alles van die volgende nodig hê:

- ◆ 3 papier- of plastiek koppies/glasies wat glad nie deurskyn nie
- ◆ Watte
- ◆ Water in 'n deurskynende maatbeker of iets soortgelyks
- ◆ 4 mooi stukke papier of karton met verskillende woorde en frases afsonderlik aan weerskante kante geskryf of gedruk:
 1. Huil / Bly
 2. Dood / Lewendig
 3. Hou begrafnis / Vertel van Jesus
 4. Op hierdie een is daar slegs op een kant geskryf: Aksie
- ◆ 2 papierborde per kind
- ◆ 1 roomysstokkie of ander soort stokkie per kind
- ◆ 1 blik, boksie of koevert per kind of andersins 1 groot een vir die hele groep
- ◆ Gom, kryte, potlode en ander versierings



WELKOM

Speel enige of almal van hierdie speletjies: *(Maak seker dat kinders wat dit nie mag doen nie weens fisieke uitdagings of gebreke, nie deelneem nie, maar maak hulle deel van die speletjie deur bv. saam te stap.)*

Dra-resies: Laat die kinders in groepe van 2 opdeel. Hulle moet dan beurte maak en mekaar op hul rûe dra van die een kant van die lokaal na die ander kant. Die eerste keer dra die een die ander en dan as hulle by die ander kant kom, ruil hulle plekke om en kom so gou moontlik terug. Die eerste span wat terug is, wen. *(Speel soveel keer as wat jy dink nodig is.)*

Ambulans dra: Deel die kinders op in groter groepe. Laat een kind uit elke span aan die ander kant van die spasiof lokaal staan, en die res van hul span aan die ander kant. Maak dan soos 'n ambulans en skree: "Wee-waah! Jou maatjie het seergekry! Gaan kry haar/hom!" Die res van die span moet dan oor hardloop, die maatjie optel en terug dra. Hierdie kan ook dalk in die rondte om 'n veld of 'n saal gedoen word.

Indien die groep ouer is, kan julle dalk eerder hierdie doen:

"Wonderwerk": Kry 3 papier of plastiek glasies wat ondeursigtig is. Sit watte onder in een. Kry dan 'n bietjie water in 'n maatbeker of enigets en gooi 'n bietjie oor in 'n glasie wat nie watte in het nie. Vra die kinders of hulle dink dis regte water of nie. Drink die water om dit te bewys. Gooi dan weer 'n klein bietjie water in 'n koppie (sonder watte), en sê vir die kinders dat jy nou die glase 'n bietjie deurmekaar maak. Ruil die koppies net 'n paar keer sodat die glasie met water op 'n ander plek staan. Vra die kinders watter een water in het. Hulle behoort dit maklik te kry. Drink weereens die water. Gooi dan 'n klein bietjie water in die glasie wat watte in het. Ruil weer die glasies/koppies om en maak hulle 'n bietjie deurmekaar, op so 'n manier dat die kinders wat mooi kyk steeds die regte een sal kan uitken. As hulle reg kies, tel dit op en draai dit om. Die water sal nie uitloop nie (maar die watte mag dalk – wees versigtig!). Draai die ander twee glasies/koppies om en daar is ook nie water in hulle nie! Dis 'n wonderwerk! *(Dit help om 'n vinger en 'n duim te gebruik om die glasies om te draai op 'n wyse dat jou vinger diep genoeg is om die watte te hou. Draai die ander glasies ook so om sodat die kinders nie kan uitken watter glasie wat is nie.)*

Gesels dan in die groep of enige kinders enige stories oor Jesus ken wat wonderwerke gedoen het. Vra ook of hulle van enige ander wonderwerke weet. Gesels daaroor. Vra ook uit oor die vorige ontmoetings en of hulle enige van daardie wonderwerke spesifiek kan onthou.



WYDING

Doen die **stilword-ritueel** en sing die **temalied** waarop julle besluit het in ontmoeting 21.



WOORD

*(Vra 4 kinders om jou te help om die storie te vertel. Onthou om nie altyd die kinders te vra wat altyd help nie, maar vra ook die kinders wat dalk net te skaam is om aan te bied. Laat een **Jesus** wees, die volgende een die **ma/weduwee**, die volgende een die **seun**, en die laaste kind kan die **dorpsmense** verteenwoordig. Of vra 'n groepie kinders om die dorpsmense te wees indien daar baie kinders is.)*

Vertel dan die storie hieronder en laat die kinders help soos aangedui. Laat die 4 helpers voor staan en gee vir elkeen die karton/papier met woorde voor en agter geskryf.

Jesus hou die woord "Aksie" vas. Hy gaan staan ook by elke karakter soos aangedui.

Ma/Weduwee hou die karton/papier vas met "Huil" aan die een kant, en "Bly" aan die agterkant. As jy nie papier/karton het nie, moet jy net hartseer wees en later bly.

Seun hou "Dood" vas met "Lewendig" aan die agterkant, of lyk dood en leef weer as jy nie papier het nie.

Dorpsmense se papier sê "Hou begrafnis" aan die een kant, en "Vertel van Jesus" aan die ander. Hulle kan ook net aksies gebruik as jy nie papier het nie.

Jesus het van dorp tot dorp gegaan en gepreek en wonderwerke gedoen! Eendag kom Hy in 'n dorp met die naam Nain. Toe Hy amper by die ingang van die dorp kom, sien Hy 'n groot groep mense wat uit die dorp kom met 'n dooie jong man wat hulle uitdra om te begrawe. Almal was baie hartseer en het baie gehuil.

Toe Jesus dit sien, gaan hy nader en praat met die ma van die seun. *(Jesus gaan staan by die ma.)* Sy was 'n weduwee (haar man is ook dood) en sy was baie hartseer omdat hierdie haar enigste seun was. Jesus sê toe vir haar: "Moenie huil nie."

Jesus het toe gegaan en aan die jong man gevat, *(Jesus gaan staan by seun)* en vir hom gesê: "Jongman, Ek sê vir jou, staan op!" Die seun het toe regop gesit en weer begin praat! *(Seun draai papier om en word lewendig.)* Hy het uit die dood opgestaan! Jesus het hom toe gevat na sy ma toe wat baie bly was! *(Jesus gaan staan by ma en ma draai papier om en word baie bly)*

Al die mense in die dorp het raakgesien hoe Jesus hierdie jong man uit die dood laat opstaan het, *(Jesus gaan staan by dorpsmense en hulle draai ook papier om en vertel almal van Jesus)* en hulle was almal baie bly! Hulle het vir mekaar gesê: "n Groot profeet het onder ons opgestaan," en "God het na sy volk omgesien." Almal in die hele area het toe begin praat oor wat Jesus gedoen het!

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe die ma gevoel het oor haar seun wat dood is.
2. Ek wonder hoe sou jy gevoel het as jy Jesus was en die ma gesien het wat huil.
3. Ek wonder wat die seun gedink het toe hy weer lewendig geword het.
4. Ek wonder hoe jy sou gevoel het as jy ook in die dorp gebly het en die wonderwerk gesien het.



WERSKAF

✍️ **"Before-and-after"**: Gee vir elke kind 'n stokkie en twee papierborde. Laat hulle 'n "Before"-kant en 'n "After"-kant maak of teken. Daarop kan hulle skryf of teken hoe almal in die dorp voor die wonderwerk gelyk en gevoel het en agterop skryf of teken hoe almal na die wonderwerk gelyk en gevoel het. Hulle moet dit dan huis toe neem en gebruik om vir iemand die storie te vertel.

✍️ **Jesus genees!**: Die kinders kan elkeen 'n versierde gebede-boksie of -blik maak. Hulle kan gebede op stukkies papier skryf en daarin gooi. Op die boksie kan hulle skryf: "Jesus genees!" Dan neem hulle dit huis toe en skryf gebede neer oor mense wat genesing kort. Lees die gebed hardop en gooi dit in die boksie. (Indien daar nie baie materiaal beskikbaar is nie of indien dit beter gepas is, kan julle liewers net een maak vir die hele groep wat weer en weer gebruik kan word.)

✍️ **Blokkiesraaisel**: Pas die woorde wat gegee word in die blokkies.


Seënbede:

Sluit af met die seënbede soos by ontmoeting 21.

Die weduwe se seun

Lukas 7: 11 - 16

Kyk of jy al hierdie woorde in die blokraai kan inpas:



- Dissipels
- Graf
- Here
- Huil
- Jongman
- Judea
- Kis
- Ma
- Nain
- Poort
- Profeet
- Weduwee

Lukas 7:13:


"Toe die Here haar sien,
was Hy baie jammer
vir haar en Hy het
vir haar gesê:
"Jy moenie huil nie."



Die weduwe se seun

Lukas 7: 11 - 16

Kyk of jy al hierdie woorde in die blokraai kan inpas:



- Dissipels
- Graf
- Here
- Huil
- Jongman
- Judea
- Kis
- Ma
- Nain
- Poort
- Profeet
- Weduwee

Lukas 7:13:

"Toe die Here haar sien,
was Hy baie jammer
vir haar en Hy het
vir haar gesê:
"Jy moenie huil nie."

